

16 Augustus

Romeine 8:26-30
(Teks: Dordtse Leerreëls 2:9)

Die heerlijkheid van die kerk

Waarom word slegs die uitverkorenes salig? Het dit alreeds gebeur in die tye wat verby is? Sal die uitverkorenes vorentoe ook nog salig word? Sal al God se uitverkorenes uit alle tye en volke hiernamaals bymekaar wees?

Ons bely in par. 9: Die uitverkorenes word salig slegs as gevolg van God se ewige liefde vir hulle. Daarom word hierdie besluit van God om die uitverkorenes salig te maak van die begin van die wêreld af tot vandag toe kragdadig deurgevoer ondanks die vergeefse verset van die magte van die doderyk. So is die deel van die kerk wat reeds ontslaap het opgeneem in God se heerlijkheid.

Vorentoe sal dit ook nog plaasvind. Daar sal altyd 'n kerk van gelowiges wees, gegrond in die bloed van Christus. Al die uitverkorenes sal op God se tyd in een liggaam vergader word.

Is God nie wonderlik nie! Hy wat die God van Abraham, Isak en Jakob is, is ook vandag nog ons God. Maar nog meer. Almal wat Hy uitverkies en bestem het om aan Christus gelykvormig te wees, het Hy ook geroep en vrygespreek en ook verheerlik.

Al verlaat baie mense die Kerk as die druk van die ongeloof toeneem, sal die Kerk as Bruid van Christus haar Bruidegom standvastig liefhê. Die Kerk is daarom 'n jubelende Kerk, 'n singende Kerk wat Christus met volharding dien en tot in alle ewigheid verheerlik. Deur u geloof is u ook Kerk van Christus.

Sing Psalm 46:6

Ds. J. Venter (Brakpan)